Project name: AL3283

Date of interview: 12 October 2009

Location of interview: Garsfontein, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 8 minutes 49 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: General Tienie Groenewald

Name of translator (if any): De Wet Potgieter

Name of transcriber:

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_GROENEWALDTIENIE_20091012_2

| | |
|---|---|
| De Wet | Ek sit hier en gesels met gen. Tienie Groenewald. Dit is Maandag 11 Oktober (12) 2009. Generaal Groenewald is die afgetrede hoofdirekteur van militêre inligting gewees. Tienie, ek wil net graag met jou gesels oor die berin 1994 toe was Suid-afrika op ʼn mespunt gewees die kanse was goed gewees dat dit sou kon ontaard i n ʼn bloedbad , het die regses by name die Volksfront wat gedreig het met geweld as hulle eise nie gestel word nie. Kan jy miskien net vir ons verduidelik hier in Januarie hoe naby, baie mense besef nie hoe baie naby was ons aan ʼn bloedbad en ʼn moontlike bloedige oorlog nie.<br>Hoe paraat was die Volksfront werklik gewees want sommige mense het gesê dit was maar net gogga maak vir baba bang. |
| Tienie | Mens het altyd die begrip dat as daar geweld sou plaasvind dat hierdie ʼn geval sou wees van ʼn konvensionel e Afrikanermag wat sou teen ʼn konvesnionele mag van die staat sou optree. Alhoewel ons nog baie tyd nodig gehad het om ʼn doeltreffende weerstandsbeweging of vryheidsbeweging daar te stel, het ons beplanning gedoen en ons was gereed.<br>In die eerste instansie was ons baie deeglik bewus gewees van wie in die weermag sou die regering ondersteun en wie so vir gen. Viljoen ondersteun. En ek wil net vir jou sê opnames wat die weermag gedoen het en ons van ons verbintenisse binne die |

| | |
|---|---|
| | weermag het ons redelike terugvoer gehad.<br>Is daar deur militêre inligting bepaal dat in die eerste instansie sou die kommandostelsel en masse aan gen. Viljoen lojaal gebly het.<br>Dan in die staande mag self van so van jou belangrikste eenhede en 'n baie groot persentasie van die lede onder geen omstandighede die wapen opgeneem het teenoor hul eie mense nie. Daar was sekere Burgermag-elemente, veral die Engelse elemente, wat 'n belangrike faktor was , wat die regering sou ondersteun het.<br>As ons dan gepraat het van 'n konvensionele konfrontasie dan moet jy besef hier is dit dan nie 'n uitgemaakte saak dat die regering so 'n weerstand kon dooddruk nie. Maar dit was nie die wyse waarop ons beplan het om op te tree nie.<br>Ek wil dit vir jou so stel dat ons het reeds in ons besit die dokument gehad wat al ons strategiese knelpunte identifiseer het. Wat was die kwesbare punte want daar was so 'n dokument opgestel hoofsaaklik om hierdie instansies en hierdie geboue te beskerm teen 'n moontlike rewolusionêre aanslag. Ons het presies geweet waar die knelpunte was binne die hele staats-opset. En ek praat nou van jou radiostasies , jou televisiestasies met kragopwekking, brandstof en daar is 'n swetterjoel van hierdie strategiese punte wat ons toe insig gehad het in die register.<br>Tweedens, daar sou hoofsaaklik gebruik gemaak word van wat gen. Geldenhuys so goed genome het die *heavies.* Jy gaan nie net gewone soldate gebruik om ander soldate dood te maak nie . Jy gaan die heavies gebruik en hier praat ons veral van Spesmagte, die BSB wat hoogs opgelei was en wat seker wat sekere opdragte kon uitvoer.<br>Dis ook mense wat toegang gehad het tot jou ammunisieopslagplekke was nie werklik 'n gebrek aan goed soos plofstof, wapens en wat daarmee gepaard gaan en die kommandos was almal uitgereik met redelik gesofistikeerde wa pens.<br>Tweedens as jy met so 'n poging wil loods kan ek vir jou sê om 'n verkiesing lam te lê was baie maklik. Maar om 'n voortdurende vryheidstryd te voer is nie so maklik nie. Jy moet die stryd op so 'n wyse voer dat die res van die wêreld nie skielik gaan toetree nie en as dit 'n konvensionele stryd was, was daar sterk moontlikhede dat die VN in verskillende hoedanighede sou toetree tot die aksie.<br>Maar as dit 'n vryheidstryd is met guerrilla-oorlogvoering dan het ons totaal 'n ander situasie. Nou enige organisasie wat so wil optree moet aan twee vereistes voldoen. In die eerste instansie moet hy die steun van 'n groot moondheid hê. Of hy moes die finansiële steun gehad het om dit te kan doen.<br>In die tweede instansie moes hy 'n veilige basisgebied gehad het |

vanwaar hy kon optree. Jy kan nie net vanuit die Republiek optree nie. Want die polisie het klaar voorsiening gemaak vir inligting, hulle is tot R250 000 betaal vir ’n ou wat ’n beriggewer vir die regering sou wees en kritiese inligting sou oordra.
Met die gevolg dat ek opdrag gehad het deur gen. Viljoen om vir Jonas Savimbi te gaan besoek. Ek het met ’n ligte vliegtuig hier laatmiddag hierdeur Botswana oor die Caprivi eers Jamba toe te vlieg waar ek dan die plaaslike bevelvoerder opgelaai het en deurgevat het na ’n vliegveld in ’n dorpie net noord van Huambo wat Savimbi gebruik het as sy hoofkwartier op die Benguela-spoorweglyn.
Baie goed georganiseerd. Ons het so tweeuur die nag daar aangekom, stikdonker, en toe ons radiokontak maak het hulle die aanloopbaan se ligte aangeskakel en ons het geland en hy was besig met ’n vergadering met sy bevelvoerders ebn toe drieuur het ek hom toe gesien.
Toe sê ek vir hom gen. Vlijoen gee sy komplimente. Ek het ook vir Savimbi baie goed geken en ek sê daar is ’n sterk moontlikheid dat ons tot militêre aksie sou moes oorgaan in Suid-Afrika.
En hy wou weet of Savimibi vir ons ’n veilige basis kon bied, opleidingsfasiliteite, moontlik ook wapentuig. En Savimibi se antwoord was, sê vir gen. Viljoen dat alles wat ek besit en Unita besit sou tot beskikking van gen. Viljoen wees. En as ek alles geee wat ek het sou dit maar ’n druppeltjie in die emmer wees vir wat gen. Viljoen vir my gedoen het. Hy is ’n man van integriteit, hy is ’n man wat nooit dislojaal sou wees teenoor sy land en sy mense nie en ek het die hoogste respek vir hom en ek weet dat die optredes wat hy sou neem sou binne internasionale aanvaarbare norms gewees het.
Wat ek dus vir jou wil sê, De Wet, ons het die vliegtuie gehad om mense in en uit te vlieg.
Ons sou opreasies kon beplan. Mense sou in die buiteland gewees het waar hulle opleiding sou ontvang het en vir daardie bepaalde operasie ingeoefen het.
Jy sou hulle ingevlieg het. Aparte logistieke organisasie gehad het wat die wapentuig aan hulle voorsien het. So dit sou nie opspoorbaar gewees het nie. Hulle sou operasie uitgevoer het en daarna onmiddelik uitgevlieg gewees het na Angola toe.
As mense dink da tons nie die vermoë gehad het nie. Ons het ongetwyfeld die vermoë gehad om hierdie land in totale chaos te dompel as dit nodig was.
Het ons die vermoë gehad? Ja, ons het. Maar, sou ons dit gedoen het ?
As die akkoord nie geteken was nie, het die Amerikaanse ambassadeur reeds gesê en ons in kennis gestel o moor te gaan tot geweld. En hy het in werklikheid die invloed uitgeoefen op die nasionale regering sowel as die ANC om daardie akkoord te

| | |
|---|---|
| | onderteken.<br>As daai akkoord nie geteken is nie, dink ek, ja, daar sou nie 'n verkiesing gewees het nie nie. |